

Editorial staff/Redaksie

Dr C.D. Lynch
Mr/Mnr J.J. Oberholzer
Dr C.M. Engelbrecht
Mr/Mnr S. Louw
Mr/Mnr J. Haasbroek
Miss/Mej L.M. Pretorius
(Artist/Kunstenaar)
Mmes/Mev H. de Villiers
I. van Rooyen
(Typesetting/Setwerk)
Mr/Mnr S.J. Greyling
(Photographer-Printer/
Fotograaf-Drukker)

Museumnuus is 'n gratis ses-maandelike nuusbrieff van die Nasionale Museum, Posbus 266, Bloemfontein, 9300. Tel. (051) 79609. Enige foto's of inligting in hierdie nuusbrieff mag met erkenning van die bron gereproduseer word.

Museum News is a free bi-annual newsletter of the National Museum, P.O. Box 266, Bloemfontein, 9300, Tel. (051) 79609. Any photographs or information published in this newsletter may be reproduced with acknowledgement of the source.

FRONT COVER/VOORBLAD—

Potato snout beetle/Aartappelsnuitkewer
by/deur E. Botha

Gedruk deur die Nasionale Museum, Bloemfontein.
Printed by the National Museum, Bloemfontein.

CONTENTS/INHOUD

	Page Bladsy
Beetles and Man — S. Louw	4
Geological Research at Florisbad — B.S. Rubidge & J.S. Brink	6
The Once-in-a-Lifetime Return of Halley's Comet — C.D. Lynch	8
Nasionale Museum kry Staatspresidentswoning! — E. du Toit	10
The Lesser (known) dwarf shrew — C.D. Lynch	12
Nuwe Mierspesie ontdek — R.A. Earlé	13
Knopiespinnekoppe — C.M. Engelbrecht	15
Die Suid-Afrikaanse Krimpvark — J.P. Watson	18
A short tribute to Canon Edgar Rose — D.A. van der Bank ..	19
Argeologiese opgrawings op Doornpoort 19, Winburg — J.J.B. Dreyer	22
Achilles	24
Traditional Dagga Usage — S.D. Bishop	26
Die Era van die Transportryer — J. Haasbroek	28

REDAKSIONEEL

Bewaringsinstellings: waarheen?

Wat het van rasionalisasie geword? Is fragmentasie dan nou die wagwoord? Dié vrae kom na vore as mens na die nuwe Suid-Afrikaanse museumtoneel kyk. Voor die inwerkingtreding van die nuwe grondwetlike bedeling in September 1984 was daar 'n heterogene groep van 23 sogenaamde verklaarde kulturele instellings wat ingevolge die bepalings van die Wet op Kulturele Inrigtings, 1969 (Wet 29 van 1969) funksioneer het onder die oorhoofse beheer van die Departement van Nasionale Opvoeding. Van 1986 af sal die twee nasionale biblioteke en ook die Nasionale Botaniese Tuine onder hul eie wette funksioneer. Daar sou dus 20 instellings oorgebly het, 18 sogenaamde nasionale museums, die Biblioteek vir Blindes op Grahamstad en die Nasionale Dieretuin in Pretoria. Weliswaar is die 20 instellings nog daar, maar uit die bloute, sonder raadpleging van enige van die instellings, die Komitee van Hoofde van Verklaarde Inrigtings of die Nasionale Advieskomitee vir Museums, is sewe van die 20, wat steeds onder dieselfde Wet bly funksioneer, onder die beheer van die Departement van Onderwys en Kultuur van die Administrasie van die Volksraad (Blanke Eie Sake) geplaas. Die ander 13 museums, waarvan die Nasionale Museum gelukkig een is, het onder Nasionale Opvoeding by Algemene Sake gebly.

Die sewe 'uitverkore' instellings wat gevolglik deur 'n ander departement geadminestrer word omdat hulle nou Blanke Eie Sake sou verteenwoordig, is die Kultuurhistoriese Museums in Pretoria en Kaapstad, die Voortrekkermuseum in Pietermaritzburg, die Michaelis- en William Fehr-Kunsversamelings in Kaapstad, die Engelenburghuis-versameling in Pretoria en die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke in Bloemfontein. Waarom dit nou juis gedoen is en presies hoe geredeneer is toe op die verdeling besluit is,

sal ons seker nooit weet nie. Hoe regverdig mens 'n besluit dat die geskiedenis van die Voortrekkers 'n Eie Saak net vir Blankes is? Het die Voortrekkers dan geen invloed gehad op die inheemse Swart volkere nie? Is Bloedrivier 'n hersenskim? Soortgelyke argumente geld vir al sewe die 'uitverkore' instellings. Onthou egter dat slegs die administrasie van die sewe instellings 'n blanke eie saak is, hulle uitstallings bly almal oop vir alle bevolkingsgroepe net soos dié van die ander 13 instellings!

In Mei vanjaar is aangekondig dat die stelsel van Provinsiale Rade gaan verdwyn. Elkeen van die vier provinsies het sy eie museumdiens, provinsiale museums en stelsel waardeur museums deur plaaslike owerhede gesubsidieer word. Elkeen verskil van die ander. Waarheen nou met hierdie groep museums en aktiwiteite? Bly hulle onder die Administrateurs en Uitvoerende Komitees van die vier provinsies, wat dalk sewe provinsies of streke gaan wees? Of gaan hulle ook tussen Eie en Algemene Sake ingedeel word onder twee of meer departemente? Ja, meer Departemente as slegs Nasionale Opvoeding en Onderwys en Kultuur! Daar is ook Departemente van Onderwys en Kultuur wat museums kan daarstel vir die Administrasie van Verteenwoordigers (Kleurlinge) en van Afgevaardigdes (Indiërs). Waar gaan die Tsongakraal-opelugmuseum van die Transvaalse Museumdiens — wat seker as 'n Eie Saak vir die Swart gemeenskap, of minstens 'n gedeelte van daardie gemeenskap beskou kan word — in so 'n geval geplaas word?

Dit is ook geen geheim dat twee of meer departemente NOOIT eenvormig kan administreer of geadminestrer word nie.

Is daar 'n ander logiese alternatief om 'n redelik eenvoudige en aanvaarbare stelsel te kry waaronder alle museums eenvormig geadminestrer kan word sodat hul eerste taak van bewaring van die versamelings van kultuur- en natuurgoodere nie skipbreuk ly

nie?

Ja, daar is so 'n alternatief. 'n Outonome statutêre raad, wat soos die Kanadese sê 'n armlengte ver van die regering funksioneer, deur kundige mense beheer en bedryf word en nie deur politieke besluitneming beïnvloed word nie, is die antwoord. Die bewaring van ons gesamentlike kultuur- en natuurêrfenis vir die nageslagte van ons almal in Suid-Afrika is en moet verhewe wees bo partypolitiek. Ons het ook voorbeelde van sodanige instellings hier te lande. Die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad is stellig die beste voorbeeld. Die Nasionale Parkeraad is ook een.

Onder so 'n Nasionale Raad vir Bewaring (of wat mens dit ook al wil noem) sal ook nie net museums tuishoort nie. Dié Raad is ook 'n logiese tuiste vir die huidige Raad op Nasionale Gedenkwaardighede wat veral op die bewaring van die nie-roerende erfenis — maar ook wel die beheer oor die uitvoer van roerende kultuurgoedere — ingestel is. Vir baie jare spook die museum-gemeenskap vir die daarstelling van konserverings-institute wat die navorsing en konservering (d.w.s. preservering en behandeling teen natuurlike agteruitgang) van kultuurgoedere en ook historiese boumateriale sal onderneem. Daar is ook 'n

toenemende behoefte aan 'n seevaartmuseum en navorsingsinstituut om sistematies wetenskaplike (onderwater-argeologiese) studies van skeepswrakke te onderneem voordat alles deur skattejagters en fortuinsoekers geplunder en vernietig is. Voeg hieraan toe die gedagte van 'n kultuursentrum/museum waarmee die Presidentsraad doenig is en waar op een terrein aan besoekers in 'n kort tydskeske 'n deursnee van die hele Suid-Afrika, sy volkere, verskillende lewenswyses en wat ook al alles, vertoon sal kan word.

Plaas nou al hierdie bewaringsinstellings bymekaar onder een statutêre raad wat deur die Staat gefinansier word, maar ook self inkomste skep, dan rasionaliseer ons tog logies. Hopelik kom daar dan ook 'n einde aan die proliferasie van bewaringsinstellings wat elkeen op sy eie funksioneer sonder enige oorhoofse beleid. Daar is reeds 14 staatsdepartemente wat hul eie museums het!

Fragmentering van bewaringsinstellings is 'n gevaarlike speletjie. Ons erfenis is te kosbaar om blootgestel te word aan politiek. Die nageslag roep ons tot verantwoording.



J.J. Oberholzer

PERSONALIA

Nuwe personeel (van links na regs): Mev. H.J.M. Lamprecht (Opvoedkundige), Mev. C.J. Coetsee (Navorsingstegnikus: Argeologie), Mnr. J.J. Heroldt (Navorsingstegnikus: Ornitologie), Mev. A.C.M. Coetzer (Navorsingstegnikus: Kultuurgeskiedenis), Mej. L.M. Pretorius (Kunstenaar), Mej. R. Slaughter (Navorsingstegnikus: Paleontologie), Mev. E.M. Pieterse (Navorsingstegnikus: Entomologie).



Met hierdie aanstellings is daar tans 13 administratiewe personeel, 16 natuur- en geesteswetenskaplikes, 33 navorsings- en uitstallingstegnici en ambagslui en 56 swart personeel in diens van die Nasionale Museum, Bloemfontein. Dus 'n totaal van 118 dienende personeel op 'n personeelstaat van 139.